**VRYDAG 3 JULIE**

**SKRIFGEDEELTE: JONA 4:1-12**
**FOKUSGEDEELTE: JONA 4:1, 2**

## Die Here is geduldig met ’n knorrige Jona

’n Geroepe profeet is kwaad vir God. Woedend omdat God in sy groot barmhartigheid net wil goeddoen. Jona (duif) is so kwaad dat hy eerder wil sterwe as om die gevolge van sy bekeringsboodskap aan die inwoners van Nineve te aanskou.

Jona bely in sy gebed dat hy weet dat die Here genadig en barmhartig is, vol geduld met die sondaar. Volgens hom is dit ook die rede waarom hy na Tarsis probeer vlug het, met die dramatiese gevolg dat hy op sy aandrang tydens ’n storm in die see gegooi is. Hierdie God wat hy nou so verkwalik, was so genadig teenoor Jona dat Hy selfs ’n vis voorsien om Jona van verdrinking te red en hom weer na drie dae op die land uitspoeg.

Die Here kon Hom vir Jona vererg en hom laat sterwe het, dit is in sy mag. Die Here word nie toornig teenoor Jona nie, inteendeel, Hy reageer op Jona se gebed deur aan hom te vra of hy die reg het om kwaad te word. Dit verminder nie Jona se aggressie nie, maar maak hom stil. Vir Jona is dit ondenkbaar dat God ’n heidennasie wat ’n bedreiging vir Israel inhou, genadig sal wees. Die verwoesting van Nineve sou net tot Israel se voordeel wees.

In die boek is dit belangrik om kennis te neem van God se allesoorheersende liefde. Sy liefde vir die knorrige Jona, maar ook sy liefde vir die sondige inwoners van die stad Nineve, wat eintlik die dood verdien.

Dit is dieselfde God wat ook sy liefde aan ons betoon deur die Seun te gee om ons van ’n sondedood weg te ruk en deel te gee aan die ewige lewe. In ruil daarvoor vra God ook aan ons: Is jy bekommerd oor die mense rondom jou, die mense wat My verafsku en deur hulle optrede misken? Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle, en leer hulle (Matt. 28:19-20), vandag nog!

*Sing: Psalm 116:1, 5*
*Dr. FG (Frans) Minnie (Pastorale Berader Cachet)*